# Kampkrummels

*Nuusblad van Streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie* *Jaargang 39, No 1* *Augustus 2022*

**KOKORIBA**

# 76% bywoning, 19 woonwaens by AJV



*Mooi Kokoriba waar jonk en oud in 19 woonwaens die naweek van 12 Augustus saamgetrek het om Kiepersol se 39ste Algemene Jaarvergadering by te woon*



*Kiepersollers kuier saam: Agter: Alet, Marie, Ria (verskuil), Susan, Frieda (verskuil), Seef, Derick en Leon. Kobus sit voor*

## Ons moet mekaar liefhê

"Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Julle is my vriende…"

Dit was die kern van die teks (Johannes 15) wat die voorsitter, Wilanda, die AJV mee geopen het. "Ons dink aan en dra ons medelye oor aan die families wat geliefdes moes afstaan aan die dood. Ons is dankbaar dat ons lede wat ernstig siek was herstel het en nou goeie gesondheid geniet" - Wilanda

# OORDENKING

## Ten spyte van ellende is daar hoop, moenie dat iemand ons s'n steel nie!

Wanneer ons in groot beproewing kom, maak ons berekenings en kom tot die slotsom dat dit nooit weer goed kan gaan nie. Slegte nuus stroop ons van hoop.

**Wie kan dan nog hoop hê?** Alhoewel ons lewensomstandighede veel beter is as miljoene in die wêreld is daar baie wat vra: "Wie sal dit weer met ons goed laat aan?" (Psalm 4:7) Hoe beantwoord ons hierdie vraag?

In dié Psalm beskryf Dawid die bedreiging in sy lewe en vra dan dieselfde vraag. Ook ons vra dit dikwels. Daar is so baie dinge wat ons vandag ook kan aanteken onder die opskrif: Leuens en bedrog, valsheid en korruspsie. Na wie sal ons gaan om omstandighede te verbeter?

Die Here gee deur die digpen van sy dienskneg in Psalm 4 vir ons hoop. As ons met 'n positiewe ingesteldheid die aand bed toe wil gaan, moet jy twee dinge doen.

Eerstens – moenie sondig wanneer jy onsteld is nie, dink in stilte na en laat dit daar (vers 5). Sonde volg op ontsteltenis. Dan tree ons lasterlik teenoor God op. Dan vloek ons Hom in ons binneste. Dan verwyt ons onregvergdiglik. Wees stil, dink na oor wie God is, gee jou aan Hom oor en laat dit daar.

Tweedens – vertrou op die Here, want Hy laat ons veilig woon (vers 9). Vertroue op die Here word versterk deur na sy beloftes en sy dade in die verlede te kyk. Dawid bely God se grootheid, dat Hy wonders doen om sy volk te red, dat "die Here vir Hom 'n gunsgenoot afgesonder het" (vers 4). Waarlik Hy was getrou in die ou verbond, maar ook nou in Christus. Hy sal sy kinders wat Hom bly dien nooit verlore laat gaan nie. Hy hoor as ek Hom aanroep en gee uitkoms.

**Wat staan my en jou te doen in hierdie onrustige tye? Raak rustig by jou Here. Gaan in jou binnekamer. Dink na in die lig van die Skrif, waarin God sy almag en liefde vir sy kinders openbaar. Roep Hom aan. Dan kan jy onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak (vers 9).**

Dr Callie Opperman
Swakopmund

# Toekennings



*André Baker: Streekmeriete en Gebieds Ere Hoër Graad*



*Pieter Henning: Streekmeriete*

## VERJAARSDAG

Streek Kiepersol was op 23 Augustus 39 jaar oud

SAWA
KIEPERSOL

### Streekbestuur 2022-2023

**Voorsitter:** Wilanda Prinsloo

**Sekretaris**: Eugenie Prinsloo

**Penningmeester:** Thania Marx

**Bykomende lede:**

Pieter Henning

Tommie Marx

Quintin Prinsloo

Marco Prinsloo

### Bankbesonderhede

Sawa Kiepersol,
ABSA Centurion
600 810 499

### Bydraes

Stuur bydraes vir Kampkrummels aan lemmerj@mweb.co.za

### Bladuitleg

Johann Lemmer

# Ons nuwe Bestuurspan



*Op-en-wakker voorsitter, Wilanda (regs) wys dis net vorentoe vir die span: Tommie, Thania, Pieter, Eugenie, Marco en Quintin*

Uittreksels uit Wilanda se

## Voorsittersverslag by AJV

Na twee jaar se inperkings, aan en af, het ons in volle swang weer begin kamp. Lede het uitgesien om weer met Sawa en Kiepersolvriende om kampvure te sit en stories uit te ruil. Daar was ook die afgelope jaar swaar tye en ons dink en dra ons medelye oor aan die families wat geliefdes aan die dood moes afstaan. Ons is dankbaar dat van ons lede wat ernstig siek was, herstel het. Ons moet egter ook dankbaar wees vir geseënde tye: Groter gesinne en 'n toename in ons streek se ledetal tesame met al die lekker kampe met gesellige samesyn.

Ek doen nou graag verslag oor die afgelope jaar onder die volgende hoofde:

**Bestuurslede:** André Baker as ondervoorsitter; Litia Joubert as seketaresse; Quintin my maat as penningmeester, en Pieter Henning as senior burgerverteenwoordiger. Chris Joubert was ons dagbestuursvoog.

Ek wil vir hierdie persone uit my hart dankie sê vir hulle onbaatsugtige harde werk die afgelope jaar. Danksy hulle ondersteuning, goeie gesindheid en bereidwilligheid het Kiepersol hierdie jaar klopdisselboom gefunksioneer. Wanneer ek op een van hierdie lede se knoppie gedruk het, was daar geen "hum en ha" nie, die werk is gedoen. Baie, baie dankie.

**Uitvoerende Bestuurvergaderings (NUB)**
Die NUB-saamtrek (wat deur alle lede bygewoon kon word) en vergadering tydens die naweek van 11 Februarie 2022 te Bloekompoort, is deur sewe Kiepersollede bygewoon.

**Gebiedsvergaderings**
Die vier gebiedsvergaderings wat gehou is, was almal virtueel en drie Kiepersollers het deelgeneem. Daar is goeie werk gedoen op gebiedsvlak en ek bedank Johanna van Biljon vir haar jarelange leierskap en entoesiasme. Sy tree uit as voorsitter van Jakaranda-gebied en word deur Chris Pienaar opgevolg.

**Streekbestuurvergaderings**
Daar is tien streekbestuursvergaderings gehou waarvan 'n paar weens omstandighede virtueel moes plaasvind. Vergaderings-besluite is behoorlik genotuleer. Die Julie 2022-streeksbestuur- vergadering was nommer 358. Kiepersol voldoen aan die voorskrifte en regulasie soos in Sawa se grondwet vervat.

**Lede-ontleding**
Sawa se ledetal het oor die afgelope verslagjaar soos op 30 Junie, van 952 tot 899 verminder.

Die ledetal van Gebied Jakaranda verminder ook gedurende dié tyd van 200 tot 189.

Streek Kiepersol se ledetal soos op 30 Junie 2021 was 44 lede. Tans het ons 47 lede. Dit sluit vyf nuwe lede in, een sterfte, en een oorplasing. Grietjie Doubell se aansluiting sal in volgende jaar se verslag aangetoon word.

Dankie aan Pieter Henning wat die streek se senior burger verteenwoordiger is. Dankie ook vir jou senior burgerverslae deur die jaar wat aan gebiedsvergaderings voorgehou is.

**Kiepersolsaamtrekke**
Daar is sewe streeksaamtrekke gedurende die verslagjaar gehou (Kiepersolbywoningsgetal in hakies)

Oop NUB: Februarie 2022 te Bloekompoort (vier).

Presidente: April 2022 (nege en drie besoekers). Die jaffels- en roomysverkope het goed verloop tenspyte van die slegte weer oor die langnaweek.

Gebiedskamp te Weesgerus: Junie-Julie 2022 (agt en twee besoekers (wat sedertdien aangesluit het).

Nasionale kamp in September 2021 te Klipdraai is deur drie Kiepersollede bygewoon. (Vervolg op bladsy 4)



*Hulle was die afgelope jaar aan die stuur:*
*André, Magriet, Pieter, Litia, Chris (dagbestuursvoog), Wilanda en Quintin*
*Die vergadering het groot applous gegee vir hierdie staatmakers wat Kiepersol deur moeilike tye deur die drif getrek het. Baie dankie!*

# Geredigeerde uittreksels uit die voorsitter, Wilanda Prinsloo, se verslag wat sy op 13 Augustus 2022 by die AJV te Kokoriba gelewer het

**Vanaf bladsy 3**

Die AJV 2022 te Kokoriba is deur 'n totale ledetal van 19 woonwaens, maar 20 lede bygewoon.

Die gemiddelde bywoning van elf kampe is 19.06% en die gemiddelde bywoning van streekkampe is 8.27%.

By die Kongres 2021 (per Zoom virtueel gehou), was al die afgevaardigdes teenwoordig asook 'n paar lede wat ingeskakel het.

By die kongres van 2021 is daar 'n paar wysigings aan die Grondwet gedoen, wat reeds deur wyse van e-pos aan lede meegedeel is. Van die belangrikste nuwe bepalings raak die samestelling van van bestuursposte. Tans is daar slegs 'n voorsitter, penningmeester en sekretaris met stemreg. Elke streek kan egter tot sewe addisonele lede verkies, maar sonder stemreg.

**Toekennings** kon nie by die virtuele Kongres oorhandig word nie en is aan die streek gestuur vir hantering. Kiepersollede wat toekennings ontvang het is:

Con en Magriet Arnold: Erelidmaatskap.

Elma Bronkhorst: Sawa-vrou van die jaar.

**Finansies**
Die streek se finansies is relatief gesond en word met groot omsigtigheid deur die penningmeester bestuur. Soos u kon sien in die state, toon die finansies 'n klein afname en kan ons maar net dink dis te wyte aan die brandstofverhogings wat ons bywoningsyfer nadelig beïnvloed. Dit is egter tyd dat ons weer 'n fondsinsameling moet hou om die kas sterker te maak. Ons reserwes is nog redelik goed maar die bestuur sal die situasie dophou en die nodige beplanning in die verband doen.

Groot dank aan Chris Joubert en Quintin Prinsloo vir die werk wat hulle gedoen het en ook aan Bea Groenewald wat die state geouditeer het.

**Strategiese beplanning**
Strategiese beplanning word op NUB-vlak hanteer, maar dis ons streek wat sy eie ontwikkeling en voortbestaan bepaal. Daar word weereens 'n beroep gedoen op Kiepersollede om met voorstelle voorendag te kom vir 'n positiewe beplanning en groei.

**Kommunikasie**

**WhatsApp:** Die drie WhatsApp-toepassings onderleiding van Litia Joubert is baie handig om die kommunikasie tussen lede en bestuur doeltreffend te maak.

Die eerste toepassing is Kiepersol Kamp. Dis daargestel om alle inligting, besprekings en tariewe van kampe te kommunikeer.

Die tweede toepassing is Kiepersol Algemeen. Dis om persoonlike inligting aan die lede oor te dra. Dankie ook aan Litia vir die verjaarsdagboodskappe wat klokslag hier verskyn.
Die derde toepassing is Kiepersolbestuur. Dit word gebruik onder bestuurslede vir maklike en vinnige kommunikasie met betrekking tot vergaderings, reëlings, ens.

**Kampkrummels**
Kampkrummels is tydelik vervang deur die WhatsApp groepe. Indien daar enige lid is wat die Kampkrummels wil sien herleef kan dit dadelik ingestel word – ons benodig egter lede se insette vir publikasie.

**Facebook**
Die Kiepersol "Facebook" blad bestaan nog, maar kry feitlik geen inskrywings van Kiepersollede nie. Indien daar lede is wat plasings wil doen is hulle welkom om met Nadine Prinsloo kontak te maak vir publikasie op die blad.

**Sawa-webblad**
Ilze Kleynhans is die webmeester. Indien daar enige bydrae vanaf Kiepersollede is vir die dié blad, kan julle dit aan die bestuur oorhandig waarna ons dit dan aan Ilze Kleynhans sal stuur.

**Algemeen**
Ek wil vandag 'n hartlike dankbetuiging doen aan ieder en elk van julle wat hier teenwoordig is, en wat julle weg oopgesien het om hierdie AJV by te woon. DANKIE. Ons is 19 woonwaens teenwoordig. Statistiekgewys: Van die 47 lede by Kiepersol is daar 25 aktiewe lede en 22 onaktiewe lede (minder as een saamtrek gedurende die verslagjaar bygewoon). 'n Lid word as aktief geag as hy/sy een of meer kampe per jaar bywoon. Dit beteken dat 76% van ons aktiewe lede hierdie AJV teenwoordig is. Weereens DANKIE daarvoor.

Baie dankie ook aan elke Kiepersol- en Sawa-familie wat die afgelope jaar my en die bestuur en ook ons gades bygestaan en ondersteun het, ons waardeer dit opreg. Hier waar ons nou die nuwe stelsel van bestuur ingebruik neem, vra en versoek ek elke lid se bydrae, voorstel en ondersteuning om van nog 'n jaar 'n sukses te maak.

Ons sê dankie aan ons Hemelse VADER vir 'n geseënde jaar wat verby is en bid vir 'n geseënde jaar wat voorlê.


## Lede kom aan vir die AJV



# KOKORIBA-AJV IN BEELD



*Gazebo's met 'n mooi uitsig is opgeslaan waar die boekevat, vergaderings en feesmaal gehou is. Dit was ook 'n kuierplek*



## Weer kindergesiggies!

Hoe lekker was dit nie om weer soveel kindergesiggies by 'n saamtrek te sien nie. Dis 'n teken van die verjonging van ons streek deur jonger mense wat aansluit.




*Litia het 'n **streekmerietetoekenning** ontvang en die hoogste bod gemaak vir dié pragtige kaktusplant*



*Nuwe lede: Ruan, Chanelle en Tiano*
*Voor: Tiago en Tiana Wagener*



*Nadine en een van die tweeling (Arthur)*



*Nuwe lede: Stephen en Lynette Nel*

# KOKORIBA-AJV: FOTO'S VERTEL DIE STORIES



*Tyd vir gesels: Gregor, Wilanda, Elma, Lynette, Derick, Willie, Ria, Johan en Stephen* ◄



*Susan skep vir haar en Ria pons*



*Chris, Litia en André kyk na die groot verskeidenheid*



*Tommie en Thania*



*Johan en Ria*

# KOKORIBA-AJV: NOG STORIES IN BEELD



*◄ Tyd vir gesels: Gregor, Johan, Ria, Susan en Martie. Seef (voor) hou alles fyn dop*

*▼ Vrolik by die woonwa*



*Ina in kleurryke rok*



*Johann en Wilanda*





*Martie en Bertha*



*Marie en Fanie*

# KOKORIBA-AJV IN BEELD: GEREED VIR FEESMAAL



## TOEKENNINGS



***INA VAN DEN BERG***
*Streekmeriete*




**FRIEDA BURGER**
*Streekmeriete*




**CHRIS JOUBERT:** *Gebiedsmeriete en Streekmeriete*



***QUINTIN PRINSLOO:*** *Streekmeriete;*
***WILANDA:*** *Gebiedsmeriete en Streekmeriete*





***WILLIE BRONKHORST:*** *Streekmeriete*
***ELMA:*** *Sawa-vrou van die jaar*

# ▼ KOKORIBA-AJV IN BEELD: AL WAT OORBLY IS AS



## SAWA SE STRUKTUUR

**Nasionale Vergadering 1 x per jaar**

▼

**Nasionale Bestuur 10 x per jaar**

▼

**Gebiedsbestuur (Jakaranda) 4 x per jaar**

▼

**Streekbestuur (Kiepersol) 9 x per jaar**

**Sawa-lede geniet kampering**

## SAWA SE WAARDES

Christenskap

Lojaliteit

Respek

Integriteit

Eerlikheid

Diensbaarheid

Verdraagsaamheid

Veranwoordelikheid

